testpapers.co.za

Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## SEPTEMBER 2019

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Roman | (35) |
| AFDELING B: Drama | (35) |
| AFDELING C: Kortverhale | (35) |
| AFDELING D: Gedigte | (35) |

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

   Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Spandeer ongeveer 60 minute per afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 5 |
| **OF** | | |
| 2. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 9 |

| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| 3. *Poppie – Die drama* | 35 | 13 |
| **OF** | | |
| 4. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 16 |

| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.** | | |
|---|---|---|
| 5.1 ñVeertig sinkplate teen die suidewindò | 17 | 20 |
| **EN** | | |
| 5.2 ñRot in ón valò | 18 | 22 |

| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.** | | |
|---|---|---|
| 6.1 ñHuiskatò | 17 | 24 |
| **EN** | | |
| 6.2 ñDie boodskapperò | 18 | 26 |

**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| **AFDELING** | **VRAAGNOMMERS** | **GETAL VRAE BEANTWOORD** | **DUI AAN (✓)** |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1ؤ2 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 3ؤ4 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 5 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 6 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

Nee, dink ek terwyl ons ʼn halfuur later deur die fynbos ploeter, dis nie moontlik nie. Yann het sy Walkman se oorfone oor sy kop gedruk om hom van alles en almal af te sluit. Hy hoor nie die die gekwetter van voëls nie en hy sien nie die dou op die struike langs die voetpaadjie nie. Hy stap soos ʼn soldaat wat nie ʼn keuse het nie. Dis hoe hy die volgende drie weke gaan oorleef. Deur bevele te gehoorsaam en hom met musiek te verdoof. Die lááste ding wat hy gaan opmerk, is ʼn oulike jonger sussie.

***

ʼn Eenvoudige, koue kamer. Dis al.

Hoe gaan daardie versie nou weer?

*Dis die vloer,*
*dis die muur,*
*dis die donkerste uur.*
*Dis al.*
*Dis die pen in my hand,*
*dis die leë papier,*
*dis die bitterste uur.*
*Dis al.*
*Hanna Hoekom. Winter 2002. Bitterberg*.

Oukei, ek weet, dis nou nie juis Antjie Krog nie. Maar sy moes ook iewers begin. Ek sal my eerste versie *Stillewe* noem. Ter nagedagtenis aan my eerste speurverhaal wat so vroeg moes sneuwel.

***

"Lyk of ons hulle ʼn les moet leer," sê Beyers en vryf ingedagte oor sy ken. "Miskien moet ons vir Hanna vra om ʼn straf voor te stel. Aangesien sy die laaste een is wie se privaatheid aangetas is."

1.1 Watter woord in reël 1 wys dat die ruimte in die roman die Kaap is? (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.2) en die antwoord neer.

Hanna kan nie glo dat Yann nie die mooi (natuurskoon/musiek) waardeer nie. (1)

1.3 Na wie se musiek het Yann graag geluister? (1)

1.4 Watter woord dui aan dat dit vroeg in die oggend is? (1)

1.5 Haal ʼn sin uit teks A as voorbeeld van ʼn vergelyking aan. (1)

1.6 Kies die VERKEERDE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.6) en die antwoord (Aï D) neer.

Die ñdrie wekeò (reël 5) verwys na é

A die gesin se ñwittebroodò.
B Mana se plan om die gesin nader aan mekaar te bring.
C ôn kamp om die gesin fiks te kry.
D ôn vakansie in die berge. (1)

1.7 Yann ñverdoofò hom met musiek (reël 6). Waarmee het Hanna haar ñverdoofò wanneer sy verveeld of ongelukkig was? (1)

1.8 Wie is die ñoulike jonger sussieò na wie daar in reël 7 verwys word? (1)

1.9 Gee ôn voorbeeld van intertekstualiteit uit die leesstuk (Teks A). (1)

1.10 Hanna skryf onderaan haar gedig die naam ñBitterbergò.

1.10.1 Wat is die korrekte naam van die plek waar Hanna en haar gesin die winter van 2002 deurgebring het? (1)

1.10.2 Hoekom het Hanna die plek ñBitterbergò genoem? Gee TWEE redes. (2)

1.11 Hoe is Hanna se privaatheid aangetas? (1)

1.12 Watter verskoning het Tibo en Amos gemaak vir hierdie skending van haar privaatheid? (1)

1.13 Hoe het Hanna agtergekom dat haar privaatheid geskend is? (1)

1.14 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Hanna kon nie glo dat Yann haar kant kies nie. (1)

1.15 Verwys na die titel van die verhaal. Sal jý Hanna se avonture as ongelooflik beskou? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

ñWaarvoor wag sy?òvra Tibo met sy neus plat teen die ruit gedruk.

ñDat ons die rooi tapyt uitrol,òmompel Yann.

ñMiskien wil sy net eers ón rukkie alleen wees saam met Amos,òsê Mana onseker. ñSyôt hom so lank laas gesien é ò

Yann gee Mana ón eienaardige kyk, so asof hy wil sê: *En wat van my?*

ñNee, ek dink sy wag dat die reën oorwaai,òsê hy suur. ñSy wil nie haar entrance bederf met ón nat kapsel nie.ò

ñWel, dan gaan sy die hele nag in die kar bly sit,òsê Beyers terwyl hy ón anorak aantrek en ón sambreel oopvou. ñDis nie ón oorwaaireën dié nie.ò

***

Ek vermoed ons voel almal ewe belaglik. Stel jou voor, om soos ón trop rasende bobbejane te kere te gaan om ón helikopter nader te lok ï en dan te besef dat die helikopter in elk geval na ons toe op pad was. Yann kyk met ón skaapagtige uitdrukking na die lang stok in sy hand. Sy ma se rooi onderklere wapper baie opsigtelik aan die boonste punt.

Dan klim die loods ook uit ï ón lang kêrel met bultende skouerspiere en ón swartgrys poniestert ï en ek hóór hoe Margot en Gavin se knieë aan weerskante van my knak.

ñDít hoort mos in Hollywood,òsug Gavin.

ñHou jou hande tuis,òwaarsku Margot. ñEk het hom eerste gesien.ò

ñGaan jy ón vlaggie op sy kop plant om hom te konfiskeer? Dis ón *man*, my engel, nie ón onontdekte eiland nie.ò

1.16 Hoekom was Tibo so gretig dat Margot moes inkom? (1)

1.17 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.17.1ï 1.17.2) neer.

| ironiese; sterk; swak ; sarkastiese |
|---|

Yann se (1.17.1) é opmerking oor die rooi tapyt én die woord ñsuurò dui op die (1.17.2) é verhouding tussen Yann en Margot. (2)

1.18 Verwys na reël 9. ñDis nie ón oorwaaireën dié nie.ò
Noem DRIE gevolge van die reën in die verhaal. (3)

1.19 Margot het met haar aankoms elkeen met ŉ kompliment gegroet.

Pas die persoon in KOLOM B by die kompliment in KOLOM A. Skryf slegs die letter (Aï D) langs die vraagnommer (1.19.1ï 1.19.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.19.1 ñEn nogal nie ŉ lelike man nie.ò | A Mana |
| | B Beyers |
| 1.19.2 ñNog ŉ toekomstige hartebreker.ò | C Gavin |
| 1.19.3 ñEn waar kom hierdie juweel vandaan?ò | D Hanna |
| | E Yann |
| 1.19.4 ñEk moet erken ek was nogal senuweeagtig om jou te ontmoet.ò | F Tibo |
| | G Sharon |

(4 X 1) (4)

1.20 Hanna en haar gesin beleef ŉ reeks gebeure op die berg wat almal se lewe op een of ander manier raak.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Gavin berei ŉ feesmaal voor.
- Dit begin reën.
- Hanna verjaar.
- Die *queen* arriveer. (4)

1.21 Die volgende karakters is ronde karakters. Verwys na gebeure in die verhaal wat dit ondersteun.

1.21.1 Hanna (1)
1.21.2 Margot (1)

1.22 Vergelyk die verandering in Fabienne se verhaal met die verandering in Hanna se lewe. (2)
**[35]**

**OF**

**VRAAG 2: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

"My ma is 'n sepieslaaf," sê Miemie terwyl sy al kouend deur die venster kyk. 'n Vrou en twee dogtertjies is besig om sakke vol kruideniersware in 'n motor se bagasiebak te laai. Een van die dogtertjies huil onophoudelik. "Sy het 'n meestersgraad in toegepaste wiskunde, maar sy het nog nooit in haar lewe gewerk nie. My pa wil nie hê sy moet nie. Nou kyk sy sepies. As sy klaar is met die sepies, kyk sy na die *cooking channel* op DStv. Die grap is dat sy nooit kos maak nie. Ons het 'n voltydse kok. Sy is effens é hoe sal ek sê é 'n bietjie verveeld, sy sit maar net in die huis rond." Miemie lag haar *weird* laggie.

***

Sy is verbaas om vir Deon en Braam voor die televisiestel aan te tref. Hulle het Deon se PlayStation aan die televisie gekoppel en hulle speel die een of ander lawaaierige speletjie terwyl hulle lag en gesels. Sy kan nie glo Braam het iemand huis toe gebring nie. Kry hy nie skaam vir die verslete banke en die mat wat 'n ernstige skoonmaak kort nie? Die ergste is dat haar ma enige tyd van die werk af kan kom, waarskynlik in enige skakering van geel. Daar is nie 'n manier dat sý ooit iemand na hierdie huis toe sal bring nie. Sê nou Deon wil hier eet, dink sy verskrik.

Daar is net 'n bottel Oros in die kas en sy skink vir elkeen 'n glas.

2.1 Wanneer het Miemie hierdie inligting aangaande haar gesin met Lien gedeel? (1)

2.2 Hoekom het Lien en Miemie saam gaan eet? (1)

2.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.3) en die antwoord neer.

Die "sakke vol kruideniersware" (reël 2) sal Lien daaraan herinner dat (sy nog kruideniersware moet gaan koop/Christien nie haar gesin versorg nie). (1)

2.4 Miemie verduidelik aan Lien dat die vrou en twee dogtertjies haar motivering is om regte te gaan studeer.

Noem DRIE moontlike redes hoekom Miemie hierdie loopbaan kies. (3)

2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.5) en die antwoord (Aï D) neer, bv. 2.5 E.

Lien is verbaas om Braam en Deon voor die televisie te sien, want Braamé

A speel nie rekenaarspeletjies nie.
B sit nooit voor die televisie nie.
C is gewoonlik by Deon.
D en Deon is nie maats nie. (1)

2.6 Verduidelik die woorde "enige skakering van geel." (Reël 15ï 16) (1)

2.7 In die uittreksel lyk dit asof Braam hul probleme makliker as Lien hanteer.

2.7.1 Wat doen Braam wat bewys dat hy nié hul probleme so maklik hanteer soos dit vir Lien lyk nie? (1)

2.7.2 *Weird Maria* word Lien se ontsnapping van haar werklikheid. Wat gaan Lien uiteindelik studeer? (1)

2.8 Hoekom is Lien "verskrik" omdat Deon dalk daar wil eet? (Reël 17) (1)

2.9 Lien en Braam se lewens word omvergegooi sonder dat hulle iets verkeerds gedoen het.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Lien bedel nou ook soggens gedurende skooltyd.
- Christien pleeg winkeldiefstal.
- Christien word ŉ alkoholis.
- Sproet neem Lien na sy woonstel. (4)

2.10 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.10.1ï 2.10.2) neer.

| oefen; Lewensoriëntering; lag; loopbaankeuses |
|---|

Lien leer vir Miemie ken wanneer hulle saam in ŉ groep oor (2.10.1) é geplaas word. Miemie is *weird*, maar laat Lien ontspan wanneer hulle saam (2.10.2) é (2)

2.11 Hoe verskil die kos wat Lien en Miemie die middag geëet het van dit wat Lien die aand vir haar en Braam maak? (1)

**EN**

**TEKS D**

Toe begin sy speel. Sy sukkel aanvanklik, dan begin sy met meer selfvertroue speel. Toe vat sy die klavier vas en sy spéél.

***

Hein het vir Tibbey by die rolbalklub gaan aflaai, maar hy moet terug wees, want die bakkie van Venter Constructions staan eenkant onder 'n boom. Lien wonder waar hy heen verdwyn het.

"Ek is bly julle was hier," sê sy vir Roos en gee haar 'n druk.

"Jy was goed," sê Roos. "Jy kan dit maak." Sy snuif.

***

Lien vryf oor Roos se stywe hare. "Jy is 'n *great* pel."

Die vrekpienk *marshmallow* kyk vir haar met skrefiesoë en gee Lien se arm 'n knypie. Sy sê niks nie, snuif en draai om. Lien dink hulle besef albei dat Lien Jooste waarskynlik nie weer met die plat skoene iewers op 'n hoek sal staan nie.

"Sien jou wanneer ek jou sien," groet Roos terwyl sy en Peroxide met die Tupperware-bak buitetoe stap. Hulle verdwyn in die donker.

***

Haar ma staan by Kuifie en Valetjie en gesels. Haar ma lyk anders – stiller, rustiger as vroeër die aand. Sou hulle oor die musiekpos by die laerskool gesels. Sy hoop so.

***

*Die groepie mense sit op 'n rots. Agter hulle is 'n asemrowende uitsig. Die see is blink en glad ver onder hulle. Hulle moet baie hoog teen 'n berg op wees. 'n Mens kan die wind hoor suis. Al vier kyk in die rigting van die kamera.*

2.12 Musiek speel 'n belangrike rol in die verhaal.

Pas die sinne in KOLOM B by dié in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.12.1–2.12.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.12.1 Christien speel Schubert se Impromptu spesiaal vir Lien op die klavier. | A Dié musiek van Prokofiëf simboliseer die gesin se deurmekaar en ongelukkige lewe. |
| 2.12.2 Christien hou op om klavier te speel. | B Lien se ma antwoord haar nie as sy vra hoekom sy nie meer klavier speel nie. |
| 2.12.3 Lien speel die Blou Donou vals-vals op die klavier. | C Dit pas nie by die lewe wat sy nou leef nie. |
| 2.12.4 Dit klink soos 'n kakofonie van klanke op die klavier. | D Lien kan haar emosies nie beheer nie en vee haar gesig aan die gordyne af. |

(4 x 1) (4)

2.13 Hoekom is dit vir Hein nodig om Tibbey by die rolbalklub te gaan aflaai? (1)

2.14 Noem EEN manier waarop Lien vir Tibbey gehelp het. (1)

2.15 Watter karaktereienkap van Lien word duidelik uit haar hulp aan Tibbey? (1)

2.16 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Toe Lien nie vir Hein in die saal sien nie, het sy dadelik geweet waar hy is. (1)

2.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.17) en die letter (Aï D) neer, bv. 2.17 E.

"Die vrekpienk *marshmallow* kyk vir haar met skrefiesoë" (reël 9) is é

A ʼn vergelyking en assonansie.
B ʼn metafoor en assonansie.
C ʼn metafoor en personifikasie.
D ʼn vergelyking en personifikasie. (1)

2.18 Verwys na reël 9.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.18) en die antwoord neer.

Roos se skrefiesoë dui in hierdie konteks daarop dat sy (dikwels in die son staan/mense nie maklik vertrou of glo wat hulle sê nie). (1)

2.19 Roos wys nie maklik haar emosies nie.

2.19.1 Wat dink jy kan ʼn rede hiervoor wees? (1)
2.19.2 Hoe wys sy vir Lien in die leesstuk (Teks B) dat sy vir haar omgee? (1)

2.20 Verwys na reël 14. "Hulle verdwyn in die donker."

Hierdie woorde is simbolies van hierdie fase van Lien se lewe wat verby is. Verduidelik. (1)

2.21 Noem TWEE maniere waarop Kuifie Lien se gesin finansieel help. (2)

2.22 Die woorde in reëls 18ï 21 (kursief gedruk) is simbolies van Lien se gesinslewe. Verduidelik TWEE beelde daarin. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 3: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS E

HOEDJIE. Die skoonmense was tevrede met Poppie ... en Stone was tevrede.

STONE *(kniel langs Poppie, neem haar hande).* Poppie ... as jy eendag kinders kry, dan moet jy jou meisiekinders grootmaak net soos jou ouma vir jou grootgemaak het ...

PLANK. En Poppie het nou nie meer vir hom Stone gesê nie, maar Bhuti-ka-nombi, uit respek ... dit het beteken bhuti van haar man se broer se dogtertjie.

MAMA. En ek het vir hom gesê: Mkhwenyana ... wat beteken skoonseun ... en Plank en Hoedjie en Mosie het gesê swaer. Ons het hom nooit op sy naam gesê nie.

STONE *(vertel aan Poppie)*. Ek het 'n erf gekry van die munisipaliteit en gaan saam met my bhuti vir ons 'n eenkamerhuis van sinkplaat en planke bou . Ek gaan 'n tuintjie voor die huis maak waar ons pampoen en wortels en mielies kan plant. Aan die einde van die jaar as ek vakansie kry, sal ons plan maak om Herschel toe te gaan, waar my pa en ma woon. *(Streel haar arm.)*

*Spelers bou trein met trommels. Mimiek: Stadige geskommel in trein.*

3.1 Wie was die "skoonmense" van wie Hoedjie in reël 1 gepraat het? (1)

3.2 Watter gevoel wys Stone deur sy handeling in die toneelaanwysing in reël 3? (1)

3.3 Waarom het Stone baie respek vir ouma Hannie gehad? (1)

3.4 Ouma Hannie het vir Poppie as Xhosa-meisie grootgemaak. Noem TWEE feite om te bewys dat hierdie stelling WAAR is. (2)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.5) neer.

Stone het die eerste keer na Lambertsbaai gegaan om ...

A vir sy boetie Witbooi te gaan kuier.
B vir Poppie te ontmoet.
C in die visfabriek te werk.
D 'n werkspermit in Suid-Afrika te kry. (1)

3.6 Poppie het net soos Stone ander name gehad.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN WOORD langs die vraagnommers (3.6.1 tot 3.6.3) neer.

Poppie se ander naam was (3.6.1) ..., wat beteken meisie uit 'n geslag van groot (3.6.2) ... . Poppie se ma het vir haar en haar broers ook (3.6.3) ... doopname gegee. (3)

3.7 Waarom het Plank en Hoedjie vir Stone "swaer" genoem? (Reël 10) (1)

3.8 In watter dorp was die erf wat Stone van die munisipaliteit gekry het? (1)

3.9 Noem TWEE verskille tussen die huis wat Stone op sy erf wou bou en die huis waarin Poppie in Mdantsane gebly het. (2)

3.10 Dink jy dit was goed vir Poppie dat Stone oorspronklik 'n inwoner van Herschel was? Motiveer jou antwoord. (1)

3.11 Dink jy dit is funksioneel dat die spelers 'n trein bou? (Reël 18) (1)

3.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die woord *"Mimiek"* in die toneelaanwysing sê vir jou dat die spelers (praat/nie praat nie). (1)

Lees die teks hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**EN**

**TEKS F**

POPPIE. ... Ek maak sy kop toe. Ek het nie bloed gesien nie. Net die een skreeu gehoor. Ons moet uit hierdie huis gaan voor die huis brand, sê ek vir Mamdungwana, want ons gaan mos doodbrand in hierdie huis. Ons moet buite toe gaan, sê ek vir haar. Liewer in die straat dood as wat ons met vuur doodgaan in die huis. Buitekant die huis het 'n man met 'n kierie ons voorgekeer, maar toe hy al die kinders sien, sê hy: Nou toe, hardloop julle, want hy was jammer om ons te kap. Maar hoe kan ons gehardloop het, met al die kinders by ons? Ek het baie dooie mense en gewondes in die strate sien lê. En Mamdungwana se oë het rondgesoek na haar seuns, want sy was bang hulle is vermoor. Mamdungwana se man het ons gekry. Hy het ons in sy van Guguletu, na Mosie se huis geneem. Toe ons ons goeters uit die van haal, sê Mosie vir my:
MOSIE (buk oor haar). Sisi, hoekom is die kind op jou rug so stil?
POPPIE. Hy slaap seker.
MOSIE. Ek sal jou kombers losmaak. Jou arms het nie meer krag nie.
*Mosie maak die kind los. Poppie sit stil.*

3.13 Noem DRIE dinge wat die mense daardie Kerstyd nie mag gedoen het nie omdat hulle moes rou. (3)

3.14 Waarom was die lokasie se kinders in die gevegte betrokke? (1)

3.15 Dink jy die kinders het reg opgetree in die onluste? Motiveer jou antwoord. (1)

3.16 Waarom was Mama daardie tyd so bekommerd oor Jakkie? (1)

3.17 Jakkie was 'n gevaarlike man.

Hierdie stelling is WAAR. Motiveer waarom dit WAAR is. (1)

3.18 Was Jakkie 'n goeie rolmodel vir Bonsile? Motiveer jou antwoord. (1)

3.19 Verskillende mense in Poppie se lewe het doodgegaan.

Kies die oorsaak van die karakters se dood uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.19.1 tot 3.19.3) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.19.1 | Poppie se eerste kind | A | 'n Maagkwaal |
| 3.19.2 | Stone | B | Doodgeskiet |
| 3.19.3 | Vukile | C | Kinkhoes |
| | | D | Met 'n klip doodgegooi |

(3 x 1) (3)

3.20 Waarom het Poppie besluit om vir Vukile groot te maak? Gee TWEE redes. (2)

3.21 Toe Poppie vir Vukile gevat het om hom groot te maak, het sy gesê: "Die Here het vir my 'n kindjie gegee, en Hy het een geneem."

Wat het Poppie met hierdie woorde bedoel? (2)

3.22 Watter raad sal jy aan die kinders van die lokasie gee oor hoe hulle moet optree om die lokasie 'n beter plek vir almal te maak? (1)

3.23 Dink jy dat die kinders van vandag se omstandighede makliker of moeiliker is as die omstandighede van die kinders wat in die tyd van die drama geleef het? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

3.24 Mosie sê vir Poppie: "Jou arms het nie meer krag nie." Hoe kan hierdie woorde van Mosie ook 'n konnotatiewe betekenis hê? (1)
**[35]**

**OF**

**VRAAG 4:** ***FIELA SE KIND* – *DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

ELIAS: Jy moet kyk dat sy uitbly uit die Bos uit, dis nie ŉ plek vir ŉ meisiekind nie.

BARTA: Jy sal haar nie uit die Bos hou nie.

ELIAS: Ek sal vir haar vasmaak soos jy ŉ wegloop-os vasmaak. Ek sê vir jou daar is fout met haar.

*Ligte doof uit. Musiek. Ligte op.*

ELIAS: Nina! Lukas!

BARTA (*kom uit huis*): Elias é

ELIAS: Moenie kom neul nie, vrou!

BARTA: Jy kan Nina ŉ pak slae gee, ek sal help om haar vir jou vas te keer, maar moenie vir Lukas slaan nie. Die magistraat kan enige dag ŉ boswagter stuur om te kom kyk hoe dit met hom gaan en dan is hy vol merke.

ELIAS: Barta, moenie dat ek vandag tot kook kom nie. Moet ek nou elke keer dorp toe loop om die magistraat se tjap te kry voordat ek my vaderplig kan nakom?

BARTA: Ek het dit nie so bedoel nie.

ELIAS: Nou hou dan op om elke keer die magistraat voor my te kom sleep as ek ŉ vinger na die kind wil lig. As daardie twee maaksels vandag uit die Bos kom, gaat hulle by my verbykom. Hulle sal bylkap tot hulle lê.

4.1 Watter geheim het Nina vir Lukas in die Bos gewys terwyl Elias na hulle gesoek het? (1)

4.2 Waarom wil Lukas by Nina weet hoe ver die hardepad is toe hulle in die Bos is? (1)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommers (4.3.1ï 4.3.2) en die KORREKTE antwoord neer.

Met die geld wat Lukas vir Nina sal betaal as sy vir hom die hardepad wys, wil sy dalk vir haar ŉ 4.3.1 (rok/kombers/boek) en ŉ 4.3.2 (slaaphemp/paar skoene/mondfluitjie) koop. (2)

4.4 Verduidelik waarom Elias vir Nina soos ’n “wegloop-os” wou vasmaak. (1)

4.5 Wat word gebruik om aan te toon dat daar tyd verloop het tussen die toneel in reëls 1–5 en die toneel in reëls 7–21? Noem TWEE feite. (2)

4.6 Nina is ’n slagoffer van haar omstandighede.

Wat is Nina se omstandighede (circumstances) en motiveer waarom sy ’n slagoffer (victim) van daardie omstandighede is. (2)

4.7 Was Barta ’n goeie ma vir Nina? Motiveer jou antwoord deur ’n feit/feite wat jy in TEKS G gekry het. (1)

4.8 Hoe dink jy sou Fiela Komoetie opgetree het as sy Nina se ma was en in dieselfde situasie as Barta in reëls 7–13 was? (1)

4.9 Wat sou Nina en Lukas as hul straf moes doen omdat hulle in die Bos gaan loop het? Haal net EEN WOORD uit TEKS G as jou antwoord aan. (1)

4.10 Elias noem vir Lukas en Nina twee “maaksels” (reël 19).

Wat sê hierdie woord vir jou van Elias se gevoel teenoor Nina en Lukas? (1)

4.11 Is Barta bang vir Elias? Motiveer jou antwoord deur na Barta en Elias se dialoog In TEKS G te verwys. (1)

4.12 Elias is ’n pa wat lyfstraf gebruik.

4.12.1 Dink jy dit is goed vir ouers om lyfstraf te gebruik as hulle hulle kinders wil dissiplineer? Motiveer jou antwoord. (1)

4.12.2 Dink jy Selling Komoetie is ook ’n pa wat lyfstraf sal gebruik as hy sy kinders wil dissiplineer? Motiveer jou antwoord. (1)

4.13 Voltooi die volgende sin deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.13.1–4.13.2) neer.

| |
|---|
| Meneer; Weledele heer; Pa; baas |

Elias het vir Lukas geslaan toe hy probeer wegloop het en vir Elias (4.13.1) ... in plaas van (4.13.2) ... genoem het. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

BENJAMIN (*bedaard; steek pyn weg*): Weet Ma wie ek is?

FIELA: Jy is 'n weggooilam wat God aan Fiela Komoetie toebetrou het en so moes jou hart dit gevat het, maar toe kom neuk hulle alles met ander stories deurmekaar!

BENJAMIN: Ek wou nie gehad het Ma moet Ma so ontstel nie.

FIELA: Moenie wegdraai nie. Laat ons hierdie dinge lostorring en reg aanmekaarsit vandag. Want ek gaan vandag vir jou voor God net een vraag vra: Voel jy soos Benjamin Komoetie of soos Lukas van Rooyen? Wie is jy in jou siel in? Antwoord my, Benjamin!

BENJAMIN: Die dag toe ek teruggekom het, toe ek daar onder in die pad staan, het ek geweet ek is weer by die huis.

FIELA (*kalm*): Laat dit dan so wees. Moenie vandag die ooi probeer soek wat jou eerste weggegooi het nie; jy sal haar nie nou meer kry nie. Fiela Komoetie het jou opgetel, jy's haar seun. Vergeet van die Van Rooyens. Jy's by die huis.

BENJAMIN: Dis nie al nie, Ma.

4.14 Hoe kry die dramaturg dit in die uittreksel reg om die leser in te lig oor die emosie wat Benjamin ervaar terwyl hy met Fiela gesels? (1)

4.15 Fiela sê vir Benjamin hy is 'n "weggooilam". (Reël 2)

Beskryf volledig waar Fiela vir Benjamin gekry het toe hy drie jaar oud was. (2)

4.16 "... maar toe kom neuk hulle alles met ander stories deurmekaar!" (Reël 3–4)

Na watter "stories" verwys Fiela hier? (1)

4.17 Die gebeure hieronder hou verband met Lukas se reis terwyl hy na sy identiteit soek.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Lukas gaan terug na die Komoeties na Dawid se dood.
- Lukas vra vir Nina by Miss Weatherbury om vir Elias te gaan sê hy gaan nie terug Bos toe nie.
- Lukas sê vir John Benn hy staan nou as Benjamin Komoetie bekend.
- Lukas kry werk by Kaliel September. (4)

4.18 “Moenie vandag die ooi probeer soek wat jou eerste weggegooi het nie ...” (Reël 12–13)

Wie is die “ooi” na wie Fiela hier verwys? (1)

4.19 Fiela is ’n ma wat vir haar kinders voorsorg maak.

Kies die karakters in KOLOM B wat pas by dít wat Fiela vir hulle in in KOLOM A wil gee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.19.1–4.19.3) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.19.1 | Geld in die trommel | A | Benjamin |
| 4.19.2 | Die eerste stuk van Wolwekraal | B | Dawid |
| | | C | Tollie |
| 4.19.3 | Die Laghaans se huurgrond | D | Kittie en Emma |

(3 x 1) (3)

4.20 “BENJAMIN: Dis nie al nie, Ma.” (Reël 16)

4.20.1 Watter belangrike ding vertel Benjamin nog daardie dag vir Fiela oor homself? (1)

4.20.2 Verduidelik hoe hierdie nuus volgens Fiela vir Benjamin sal help om sy identiteit te vind. (1)

4.21 “Vergeet van die Van Rooyens.” (Reël 14–15)

4.21.1 Watter voordeel sal dit vir Benjamin inhou as hy die Van Rooyens vergeet? (1)

4.21.2 Watter nadeel sal dit vir Benjamin inhou as hy die Van Rooyens vergeet? (1)

4.22 Motiveer waarom “*Die weggooilam*” nie ’n goeie titel vir hierdie drama sou wees nie. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale.

## VRAAG 5: *SPIEËLBEELDE*

### 5.1 "VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND" – Dana Snyman

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

Ons klim uit my bakkie, ek en Johannes. Ek kuier ŉ paar dae by my pa op Ventersdorp, en Johannes, wat al ŉ ruk by my pa werk het gevra of ek nie vir hom ŉ rol ogiesdraad hier kan kom aflaai nie. My pa het pakkamer skoongemaak en besluit Johannes kan maar die rol draad kry.

***

Die huis se deur is groen – presies dieselfde Bitter Lemon-groen as my pa se pas geverfde tuinhekkie en posbus. Langs die deur is ŉ venster. Of eintlik is dit net ŉ vensterraam, met *masonite* waar die ruite moet wees.

"Waar kry jy dié een?" Ek tik met my vinger op die langwerpige staalplaat wat die muur tussen die deur en die hoek van die huis vorm. Dit moes een of ander tyd ŉ kennisgewingbord by ŉ kafee of ŉ restaurant gewees het, wat in ŉ brand was.

***

"Waar kry daai mannetjie hom?"

"Die plaat was by sy pa se donkiekar, maar toe sterwe sy pa mos. Toe steek sy antie die donkiekar brand in die aand. Toe vra ek vir die mannetjie hierdie plaat toe dit nie meer brand nie."

***

Dis eers stil, ŉ hele rukkie is dit stil in Johannes se *makuku*, dan kom Johannes se stem uit die skemer agter my.

5.1.1 Wat is Johannes se regte naam? (1)

5.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.1.2) en die antwoord neer.

Johannes wil die ogiesdraad gebruik om (sy huis te versterk/ ŉ hoenderhok te bou). (1)

5.1.3 Noem DRIE plekke waar Johannes van die sinkplate vir sy huis gekry het. (3)

5.1.4 Wat kan die figuurlike betekenis van die woorde "Bitter Lemon-groen" (reël 5) wees? (1)

5.1.5 Hoekom is dit vir Johannes moontlik om te verduidelik waar elke deeltjie van sy huis vandaan kom? (1)

5.1.6 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Johannes wil nie net ón dak oor sy kop hê nie; hy wil ook hê dat sy blyplek deftig moet lyk. (1)

5.1.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs vraagnommer (5.1.7) en die antwoord (Aï D) neer, bv. 5.1.7 E.

Die verteller weet waar die staalplaat (reël 8ï 10) vandaan kom, want é

A die letters is nog duidelik daarop.
B die letters is kenmerkend van ón sekere handelsmerk.
C die verteller ken die restaurant.
D die letters ñT ke aways H t dogsòstaan daarop. (1)

5.1.8 Waarop sien die verteller Johannes se regte naam? (1)

5.1.9 Wat kan die ñstem uit die skemer agter myò(reël 17) simboliseer? (1)

5.1.10 Voltooi die volgende paragraaf deur telkens ón woord uit die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs vraagnommer (5.1.10(a)ï 5.1.10(e)) neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| weggooigoed; | konflik; | ongelukkig; | ironie; | satiriese; |
| humoristiese; | handewerk; | kontraste; | spannende; | trots |

Die skrywer laat die leser nadink oor die (a) é tussen die lewens van wit en swart mense in Suid-Afrika. Alhoewel daar nie werklik (b) ... in die verhaal is nie, bou die verhaal op tot ón (c) ... einde waar die leser besef hoe (d) ... Johannes op sy huis is al gebruik hy ander mense se (e) ... (5)

5.1.11 Hoe kan dit die verteller beïnvloed noudat hy besef hy ken nie Johannes se regte naam nie? (1)

**EN**

**5.2 "ROT IN 'N VAL" – H du Plessis**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

> "Ma moet ôseblief vir antie Grace sê sy moenie vir Igundane uitvee wanneer sy huis aan die kant maak nie," Penuel se stem is angstig, sy oë soekend op die vloer. "En Kuku moet buite bly. Hoor Ma? Tot julle vir Igundane kry."
>
> "Ja, ja, steek in jou hemp, ons moet ry. Dis al halftien en ek wil gaan kruideniersware koop," jaag Lerato aan.
>
> "Toe nou, vrou," maan Groot Penuel.
>
> Lerato se mond trek styf. "Dis oor jy nie parkeerplek moet loop soek en met die ellendige trollie vol kos moet sukkel nie. Kom nou Penuel, is jy klaar?"
>
> "Jaa Maaa, net my blikkie kry. Wieõ nou weer my blikkie gehad?"
>
> "Jou blikkie lê by die agterdeur." Groot Penuel du hom speels in die rug. "Bietjie roer, seun."
>
> "Jy moet jou kar uittrek,ò kom dit wanhopig van Lerato.
>
> Eindelik na ón skewe mondveeg en ón haastige "Moenie jou sleutel vergeet nie en onthou om vir my geld te trek," van Groot Penuel, is hulle op pad.
>
> "Jy moet jou vroeër lig soggens. Jou kamer lyk nes ón rotnes. Nie ón wonder Igundane is weer weg nie."
>
> "Ma moet seblief self kyk waar hy is. Ma sal mos, hè?"
>
> Sy knik onwillig.

5.2.1 Voltooi die volgende sin deur EEN woord by te voeg. Skryf slegs die vraagnommer (5.2.1) en die woord neer.

Antie Grace is die Pitsoanes se ... (1)

5.2.2 Watter TWEE troeteldiere het klein Penuel? (2)

5.2.3 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is deur TWEE opeenvolgende woorde uit Teks J aan te haal.

Lerato is ón ongeduldige mens. (1)

5.2.4 Gee TWEE redes hoekom Groot Penuel ñgrootò genoem word? (2)

5.2.5 Wat bedoel Groot Penuel wanneer hy sê: ñToe nou, vrou.ò (Reël 6) (1)

5.2.6 Verwys na reël 10.

(a) Hoekom skryf die outeur die woorde ñJaa Maaaò met soveel aôs? (1)

(b) Waarvoor sou klein Penuel die blikkie gebruik? (1)

5.2.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (5.2.7) en die letter (Aï D) neer, bv. 5.2.7 E.

Die woorde ñBietjie roer, my seun.ò in reël 12 is ŉ voorbeeld van ...

A personifikasie.
B litotes.
C metafoor.
D hiperbool. (1)

5.2.8 Rotte staan sentraal in hierdie verhaal. Kies die (letterlike of figuurlike) rot in KOLOM B wat pas by die woorde in KOLOM A. Skryf slegs die letter (Aï E) langs die vraagnommer (5.2.8(a)ï 5.2.8(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Opbou van spanning in die verhaal. | A Igundane |
| (b) Gevang soos ŉ rot in ŉ val deur haar vrees. | B Kuku |
| (c) Gevang soos ŉ rot in haar eie huis. | C Lerato |
| (d) Die held in die verhaal. | D Angelina |
| | E Die dooie rot in die afdelingswinkel. |

(4x1) (4)

5.2.9 Hoe weet die skelm dat daar geld in die huis is? (1)

5.2.10 Gee ŉ rede hoekom die Pitsoanes nie veilig was nie. (1)

5.2.11 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.2.11) en die antwoord neer.

Mevrou Pitsoane het eers gedink die vreemdeling het (net klaar geëet en toe geloop/goed gewerk) toe die huis so stil word. (1)

5.2.12 Hoe dink jy kon mevrou Pitsoane seker gemaak het sy is veilig toe sy by die huis gekom het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het..

## VRAAG 6: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 6.1 **“HUISKAT” – Elisabeth Eybers**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**HUISKAT – Elisabeth Eybers**

Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
behaaglik om haar luiperdlies te lek,
rol om en lê fluwelig oopgevlek
dat keel en bors en buik die son kan suig.

Ons noem haar “kat” want sy is sonder siel
en anoniem. Smal skerwe van agaat
staar koud uit die driehoekige gelaat.
Arglistig, vloeibaar soos 'n blink reptiel

van los en lenig wees versadig: sy
sal nooit – die veearts het haar “reggemaak” –
ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby.

[Uit: *Versamelde gedigte,*1980]

6.1.1 Wie is die spreker in die gedig? (1)

6.1.2 Kies die KORREKTE antwoord om die stelling mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (6.1.2) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.1.2 E.

In reëls 1–2 en 8–9 word die vloeiende bewegings van die kat deur ... uitgebeeld.

A inversie
B alliterasie
C polisindeton
D enjambement (1)

6.1.3 Het die troeteldier in hierdie gedig 'n gepaste naam? Motiveer jou antwoord. (1)

6.1.4 Benoem die rympatroom in strofe 1. (1)

6.1.5 Waarom sal ón mens nie ón luiperd soos ón gewone kat in ón huis kan aanhou nie? (1)

6.1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (Aş D) langs die vraagnommer (6.1.6) neer.

ñrol om en lê <u>fluwelig</u> ...ò (Reël 3)

Uit die onderstreepte woord lei ons af dat die kat se pels ... is.

A hard
B sag
C grof
D stekelrig (1)

6.1.7 Dink jy ook die kat is ñsonder sielò (reël 5)? Motiveer jou antwoord. (1)

6.1.8 Watter deel van die kat se liggaam word beskryf met ñSmal skerwe van agaatò in versreël 6? Skryf net EEN woord neer. (1)

6.1.9 Waarom is dit gepas om die kat in versreël 8 met ón slang te vergelyk? (1)

6.1.10 Lees die slotstrofe.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1.10) neer.

Omdat die veearts die kat ñreggemaakò het, kan sy (nog baie kleintjies kry/ nie meer kleintjies kry nie). (1)

6.1.11 Wat is die funksie van die aandagstrepe in versreël 10? (1)

6.1.12 Watter TWEE kontrasterende emosies ervaar katte as hul kleintjies kry? Haal net TWEE woorde uit die gedig aan. (2)

6.1.13 Dink jy dat alle katte ñeenselwigò (reël 12) is? Motiveer jou antwoord. (1)

6.1.14 Die kat stuit alle teerheid. (Reël 12)

Noem EEN voorbeeld van hoe NJ mens teer teenoor NJ kat kan optree. (1)

6.1.15 Waarom is dit beter om jou hand behoedsaam na ón kat uit te steek en hom nie te gryp nie? (1)

6.1.16 Hierdie gedig beskryf ón kat goed.

Oor watter dier dink jy kan ook ón gedig geskryf word? Motiveer jou antwoord deur te verwys na ón eienskap/ eienskappe van die dier wat jy kies. (1)

**EN**

6.2 **DIE BOODSKAPPER – Peter Snyders**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE BOODSKAPPER – Peter Snyders**

Die aandster vonkel soe speels vanaand
was daa ớn knipoeg
van jou
na my?

Djy is soe naby
soes die helderste ster
djyộs die spoed van ớn gedagte
weg van my

Ek los ớn boodskap
by Venus vir jou ؤ
as djy yt jou aandklas
kom, stiek yt jou hand
haal dit af:

dis die briefie
met die soentjie
op die omslag

[Uit: *Tekens van die tye,* 2012]

6.2.1 Verduidelik die metafoor in die titel van die gedig. (1)

6.2.2 Verwys na reëls 2ؤ4.

Motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.

Die spreker was seker daarvan dat daar ớn knipoog van die geliefde was. (1)

6.2.3 Noem DRIE maniere waarop die digter die woorde ñmyò en ñjouò in reëls 3 en 4 beklemtoon. (3)

6.2.4 Watter tipe Afrikaans word in die gedig gebruik? (1)

6.2.5 Wie is die ñDjyò in reël 5? (1)

6.2.6 Gee TWEE redes waarom hierdie gedig ớn vrye vers is. (2)

6.2.7 Kies die aanhaling in KOLOM B om by die letterkundige aspek in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.2.7(a)–6.2.7(c)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Metafoor | A 'Die aandster vonkel soe speels vanaand' |
| (b) Personfikasie | B 'Djy is so naby soes die helderste ster' |
| (c) Vergelyking | C 'djy's die spoed van ʼn gedagte weg van my' |
| | D 'as djy yt jou aandklas kom, stiek yt jou hand' |

(3 x 1) (3)

6.2.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (6.2.8) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.2.8 E.

Die digter visualiseer die uitreik na die briefie in reël 12–13 deur ...

A enjambement.
B inkeping.
C polisindeton.
D alleenplasing. (1)

6.2.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.2.9) en die antwoord neer.

Na die dubbelpunt in reël 13 volg ʼn (rede waarom die briefie afgehaal moet word/verduideliking van wat afgehaal moet word). (1)

6.2.10 Gee TWEE redes waarom ʼn brief ʼn goeie manier van kommunikasie tussen geliefdes is. (2)

6.2.11 Waarom skryf mense deesdae minder briewe vir mekaar? (1)

6.2.12 Hoe sal die soentjie op die omslag help om die spreker se gevoel aan die geliefde oor te dra? (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**